NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

VRAAG 1 DIE KOUE OORLOG

Ontleed die faktore wat gelei het tot die ineenstorting van betrekkinge tussen die Sowjetunie en die Volksrepubliek China teen die vroeë 1970's krities.

Konteks:
- Kommunistiese China in 1949 deur Mao gestig – **Volksrepubliek China**
- USSR onder die leierskap van Stalin – verwelkom skepping van Volksrepubliek China
- Mao besoek Moskou en onderteken die Vriendskapsverdrag (1950)
  - Sowjet-hulp aan China verleen – adviseurs/tegnici/industriële en militêre toerusting
- Gekombineerde ondersteuning aan die Koreaanse kommuniste tydens die oorlog 1950–1953
- USSR en China verenig deur die bedreiging van die VSA en opbou van anti-kommunistiese alliansies in Asië – SENTO en SEATO

Inhoud:
- Enkele **ideologiese verskille** tussen China en USSR
  - Idees van rewolusie: landbouers is die basis van die Chinese kommunistiese rewolusie, teenoor stedelike industriële werkersklas soos in die Russiese Rewolusie
  - Mao glo aan voortdurende vinnige rewolusie – gemik op 'n klaslose samelewing in China, teenoor Sowjette wat glo transformasie moet geleidelik plaasvind
  - Wedersydse respek tussen Mao en Stalin ten spyte van verskille
- **Antagonisme in vroeë 1950s**
  - Sowjetunie deel nie kerntegnologie of -wapens nie
  - USSR beskou China as onderdanig – Rooi Leër moet vir Sowjetunie beskikbaar wees
  - Sowjet-hulp beperk
  - Voortgesette grenskonflikte uit die keiserlike tydperk
  - USSR krities oor Mao se beleid van "Groot Sprong Vorentoe"
  - Ideologiese verskille word duideliker
- **Kroesjtsjof** vervang Stalin as Sowjet-leier in 1956
  - Bevorder beleid van "vreedsame naasbestaan"
    - veroordeel Stalin en sy metodes
    - "invloedsfere" eerder as wêreldrewolusie
    - Sowjet-beleid verdeel kommunistiese lande
      - *China begin meeding vir invloed onder nasies in Asië en Afrika wat die Weste en die USSR uitdaag*
- Mao en Chinese beskuldig Kroesjtsjof en USSR van **"revisionisme"**
  - China beskou USSR nie as ware leiers van die rewolusie nie
  - 1960's Sowjet-adviseurs onttrek aan China
  - Mao krities oor Kroesjtsjof se hantering van die Kubaanse Missielkrisis in 1962
- Teen middel-1960s bewys van 'n **"China-Sowjet verdeeldheid"**
  - China verander houding teenoor VSA – vestig nouer bande
  - VSA word nie meer as 'n bedreiging beskou as gevolg van terugslae wat VSA in Viëtnam gely het nie – Pro-VSA-beleid ondersteun deur politici – nouer betrekkinge deur Nixon en Mao ten koste van USSR gevestig
    - 1971 Amerikaanse tafeltennisspan besoek China – **"ping-pong-diplomasie"**/ VSA onttrek teenstand teen China wat in die VN-Veiligheidsraad dien – neem hul sitplek in 1971 in ten koste van Taiwan/1972 Nixon besoek China
- China laat hom as 'n **groot wêreldmoondheid** onafhanklik van die supermoondhede geld – 'n "derde mag" in die Koue Oorlog – Vestiging van Chinese kernprogram teen 1964

IEB Copyright © 2022

OF

VRAAG 2 DIE KOMS VAN DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA

Ontleed die impak van Nasionale Party-optrede op die onderhandelingsproses van 1990 tot 1994 krities.

Konteks:

- Nasionale Party steeds aan bewind in laat 1980's/vroeë 1990's
  - Hou 'n skyn van hervorming voor
  - Geweld duur voort – MK en "gewapende stryd"
- Tentatiewe benaderings tot ANC-in-ballingskap
  - Botha bied Mandela voorwaardelike vrylating aan
  - Sakemanne praat met ANC in Lusaka (1985)
  - Slabbert en opposisiepolitici ontmoet ANC in Dakar (1987)
- De Klerk vervang Botha in September 1989
  - NP "onversetlikes" teenoor "gematigdes"

Inhoud:

- Februarie 1990
  - Mandela vrygelaat en ANC/PAC/SAKP ontban
  - Verslapping van beperkings, verbanningsbevele en sensuur
  - *Doel van NP om beheer en blanke mag te behou*
- **Groote Schuur Memorandum** (Mei 1990)
  - NP en ANC bespreek struikelblokke vir onderhandelinge – *NP poog om proses te beheer*
  - Praat oor veiligheidswetgewing, geweld, tuislande, politieke gevangenes, gewapende stryd, sanksies, terugkeer van ballinge
- **Pretoria Memorandum** (Augustus 1990)
  - ANC skort gewapende stryd op
  - NP hef noodtoestand op
- Volgehoue geweld
  - Sebokeng
    - **Opkoms van die "derde mag"** – weermag en polisie in townships werk saam met Inkatha – *pogings deur NP om gebeure te beheer*
  - ANC eis meerderheidsregering – *NP wil minderheidsregte beskerm, d.w.s. wit mag behou*
- KODESA **Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika** (Desember 1991–Mei 1992)
  - 19 verskillende politieke groepe – 300 afgevaardigdes – vergader by Wêreldhandel-sentrum
  - Konserwatiewe Party/AZAPO/PAC boikot die onderhandelinge
  - Atmosfeer van samewerking – bereik kompromie-ooreenkoms oor grondwet
  - "Verklaring van voorneme" verbind tot veelparty-demokrasie – *NP poog om wit minderheidsregte te laat geld*
- **"Slegs Blankes"-referendum** (1992) – *pogings deur NP om onderhandelingsproses te beheer*
- Toenemende geweld en mislukking van KODESA
  - voortgesette "derde mag"-aktiwiteit – weermag en polisie in townships in samespanning met Inkatha – *NP poog om gebeure te beheer*
    - Geweld tussen ANC en IFP – hostelle van Vaaldriehoek
      - **Boipatong-slagting** (Junie 1992)

IEB Copyright © 2022

- NP-regering ondersteun tuislandleiers – *pogings deur NP om mag te behou*
  - ANC lei protes teen Oupa Gqozo – **Bisho-slagting** (September 1992)
- ANC en NP begin privaat onderhandelings
  - **"Rekord van Verstandhouding"** – NP en ANC toegewings – instelling van Regering van Nasionale Eenheid
  - "Sonsak-klousules" – beperk die Regering van Nasionale Eenheid se bewindstermyn – *beperkte NP beheer*
- Sluipmoord op Chris Hani (April 1993)
  - Wit regses geïmpliseer – woedende betogings – Mandela op TV
- KODESA hervat – **Veelparty Onderhandelingsforum** – ooreenkoms bereik oor 'n tussentydse grondwet

OF

VRAAG 3 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Ontleed die rol wat die drie Westerse kapitalistiese organisasies gespeel het in die oorheersing van die wêreldekonomie krities.

Konteks:

- **Globalisering** verwys na die beweging van mense, inligting, beleggings, goedere en dienste regoor die wêreld, wat gekenmerk word deur:
  - Kleiner afstande/beskikbaarheid van nuus/verdwyning van grense/groter beweging en migrasie van mense/ontwikkeling van globale kultuur/dominansie van globale korporasies
- **"Westerse Kapitalisme"** verwys na oorheersing deur VSA en wêreld se finansiële instellings
  - Die ineenstorting van die USSR beteken die oorwinning van kapitalisme oor kommunisme – *VSA is nou polities, militêr en ekonomies die oorheersende wêreldmag*
  - **Oorheersing** versterk deur globale finansiële instellings
    - Ingestel deur Bretton Woods Ooreenkoms in 1944
    - **Wêreldbank**, **Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en Wêreldhandels-organisasie (WHO)** (gestig as Algemene Ooreenkoms oor Handel en Tariewe)
    - **Bevorder vrye handel** as die beste manier om ekonomiese stabiliteit, vrede en voorspoed te verseker, maar dit lei tot die beheer van ekonomieë deur globale finansiële instellings – toenemende reaksie en verwerping van hierdie beheer
    - Lei tot die ontwikkeling van 'n "nuwe wêreldorde" wat deur die VSA oorheers word

Inhoud:

- Die rol van "Westerse kapitalistiese" organisasies:
  - **Wêreldbank:**
    - befonds projekte in ontwikkelende lande
    - langtermyn laerentelenings om infrastruktuur te verbeter
    - VSA en ryker lande se bydrae tot befondsing aansienlik
    - lei daartoe dat die WHO uiteindelik 'n instrument van die VSA word – WB kan

IEB Copyright © 2022

- **IMF:**
  - Beoog om globale finansiële aktiwiteite te reguleer/wisselkoerse/leen geld aan ontwikkelende lande
  - IMF implementeer strukturele aanpassingsprogramme om te help met die besnoeiing van besteding deur besnoeiing van welsynsprogramme/staatsubsidies in landbou/voorkeurhandelsooreenkomste vir globale finansiële instellings en Westerse maatskappye – toenemende afhanklikheid van hulp – *soewereiniteit van onafhanklike nasies ondermyn en maak voorsiening vir voorwaardes wat geskik is vir multinasionale korporasies en Westerse invloed*
- **WHO:**
  - bevorder vrye handel in dienste en goedere deur tariefbeperkings te verminder
  - gedomineer deur G8
  - lande wysig wette om te voldoen aan WHO-beslissings indien nodig – ondermyn wetgewende gesag en nasionale soewereiniteit – *in staat om ontwikkelende ekonomieë te beïnvloed en lei dus tot oorheersing van hierdie lande*

- **Reaksie en verwerping** van die rol van "Westerse kapitalisme" lei tot:
  - Teenkanting van burgerlike samelewing – stigting van organisasies om invloed van globalisering en "Westerse kapitalisme" teen te werk
  - Meer betogings wêreldwyd teen die globale finansiële instellings
  - Oproepe om skuld van die Derde Wêreld te beëindig
  - Verbruikers gebruik koopkrag om globale korporatiewe beheer uit te daag – billikehandelbeweging – beweging na plaaslike produsente – toename in omgewingsbewustheid – verbruikersveldtogte teen hongerloonfabrieke in ontwikkelende lande

70 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFSTUK

VRAAG 4 DIE KOUE OORLOG

Verduidelik hoe die Sowjetunie teen 1955 gepoog het om 'n invloedsfeer in Europa te vestig deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat was die redes vir die Sowjetunie se poging om teen 1955 'n invloedsfeer in Europa te vestig?

(b) Hoe het die Sowjetunie gepoog om teen 1955 'n invloedsfeer in Europa te vestig?

(c) Wat was die impak van hierdie poging om 'n invloedsfeer te vestig op Europa en op die Sowjetunie se verhouding met die Verenigde State?

- VSA se pogings om vrye regerings te vestig en die Europese ekonomie te laat herleef, lei tot hul oorheersing van Wes-Europa, naamlik "indammingsbeleid"
  - **Truman-leer (Maart 1947)** Burgeroorlog tussen Griekeland en Turkye: Truman oorreed Amerikaanse Kongres om in te stem om geld, militêre toerusting en advies beskikbaar te stel aan enige land wat met kommunistiese oorname bedreig word – basis van die Amerikaanse buitelandse beleid tydens die Koue Oorlog, wat verdere Amerikaanse oorheersing moontlik maak
  - **Marshall-hulpplan (April 1948)** Europese ekonomiese herstel word beskou as sleutel tot oorwinning oor kommunisme, maar lei uiteindelik tot globale ekonomiese oorheersing
  - VSA versterk ekonomiese oorheersing met militêre invloed
- **Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (April 1949)** VSA verskaf bykomende militêre steun aan Wes-Europese leërs – uitbreiding van die VSA se "invloedsfeer"
  - VSA verhoog befondsing van bewapening en kernprogram om oorheersing te konsolideer
- USSR poog om "invloedsfeer" te vestig
  - **Cominform (1947)** USSR se plan om Kommunistiese Partye van Oos-Europa te koördineer – poog om beheer oor Oos-Europese regerings te verskans deur plaaslike strukture en propaganda – USSR vestig beheer oor satellietstate – Europa verder verdeel
  - **Berlynse Blokkade (Jun. 1948–Mei 1949)**
- Kwessie van Wes-Berlyn – simbolies van Amerikaanse oorheersing? – ondermyn Sowjet-beheer van Oos-Duitsland – kontrak tussen "werkersparadys" en "Westerse uitspattigheid"
- Stalin sny vervoerroetes na Wes-Berlyn af – VSA reageer met 'n lugbrug van alle noodsaaklike items vir Wes-Berlynse oorlewing – lugbrug is enigste opsie om oorlog te vermy – Stalin heropen landroetes in Mei 1949 – *Lei tot die totstandkoming van Oos-Duitsland [DDR] in Oktober 1949 – verdeling bevestig*
  - **Comecon (Jan 1949)** USSR se begeerte om saam te werk en internasionale verhoudings op ekonomiese vlak met state van Sentraal-Europa te versterk, wat tans toenemend van hul tradisionele markte en verskaffers in die res van Europa afgesny is – poog om die VSA se "dollar-diplomasie" te ondermyn.
  - **Warskou-verdrag (Mei 1955)** Reaksie op die skepping van NAVO en ander pro-Westerse militêre alliansies en Wes-Duitsland se aansluiting in 1955 by NAVO – Rooi Leër gebruik om Sowjet-oorheersde regerings te versterk in die aangesig van protes of opposisie – *poog om VSA se militêre alliansie in Wes-Europa teen te* werk
  - Sowjette versnel kernprogram – bereik kernvermoë teen 1953 – verhoogde wapenproduksie – nodig om Amerikaanse kapasiteit te kan uitdaag – lei tot die **wapenwedloop** – *daag VSA se oorheersing in kernwedloop uit*

IEB Copyright © 2022

OF

VRAAG 5 DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA

Verduidelik die rol wat "derde mag"-aktiwiteite tydens die onderhandelingsproses in die vroeë 1990's gespeel het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat was die "derde mag" en hoe het dit ontstaan?

(b) Watter gebeure in die vroeë 1990's is aan die bestaan van die "derde mag" gekoppel?

(c) Wat was die impak van die "derde mag" op die onderhandelingsproses in die vroeë 1990's?

- Nelson Mandela vrygelaat en ANC/PAC/SAKP in Februarie 1990 ontban
- Onderhandelings tussen ANC en NP begin
- Groote Schuur Memorandum/Pretoria Memorandum
- Geweld duur steeds voort
  - Weermag patrolleer steeds townships
  - Noodtoestand steeds van krag tot Sep 1990
  - **Sebokeng-slagting (Maart 1990)**
    - Deurnagwaak om laaste eer te betoon aan hul kameraad en gemeenskapsleier, Chris Nangalembe, 'n lid van die African National Congress (ANC)
    - Handgranaat deur bende gegooi – bewys van politieke motivering
- **Opkoms van derde mag**
  - Kriminele Ondersoek-departement lt.-genl. Johan le Roux is die meesterbrein agter 'n derde mag met die doel om die land onregeerbaar te maak, nl. betrokke by die regering se versuim om beslissende stappe te neem om die geweld te beëindig, is 'n aanduiding van die regering se verdraagsame houding jeens die geweld
  - Verband tussen polisie en regering met verskeie gruweldade wat in Vaaldriehoek en Natal plaasvind, soos vigilantisme/politieke moorde/vervaardiging, aankoop, smokkel en verskaffing van wapens aan Inkatha
  - Senior Transvaalse Inkatha-leier Themba Khoza in hierdie aktiwiteite geïmpliseer
- **Geweld versprei** na Transvaal, wat Pretoria, Witwatersrand, en Vereeniging insluit – die Vaaldriehoek – wat besaai is van armoedige townships, plakkerskampe, en hostelle vir trekarbeiders, en waarvan die meeste IVP-ondersteuners van Natal is.
  - **Swanieville (Mei 1991)** 'n groep van ongeveer 800 beweerde IVP-ondersteuners val die plakkernedersetting aan die Oos-Rand aan, 29 mense word gedood en meer as 30 beseer
  - **Boipatong (Junie 1992)** moorde op 17 Junie, 200 IVP-ondersteuners van KwaMadala-hostel val inwoners van Slovo Park-plakkerskamp aan en meer as 45 mense word gedood
  - **Bisho (September 1992)** moorde op 7 September, troepe van die Ciskeise Weermag brand los op ANC-betogers wat vrye politieke aktiwiteit in Ciskei by Bisho eis. 29 betogers en een soldaat word gedood en ongeveer 200 beseer. (Dit volg na maande van gewelddadige konflikte tussen tuislandregerings-ondersteuners en ANC-ondersteuners)

IEB Copyright © 2022

- **Onderhandelings misluk**
  - Die ANC onttrek van KODESA uit protes teen die moorde
  - ANC/SAKP en COSATU stuur 'n "voortstuwende massa-aksie"-veldtog van stapel
  - ANC en NP onderteken "rekord van verstandhouding" (September 1992) – toegewings en ooreenkomste om onderhandelings te hervat
  - Totstandkoming van 'n Regering van Nasionale Eenheid – "sonsak-klousules" bepaal die magsdelingsmodel

OF

VRAAG 6 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Verduidelik hoe Gorbatsjof se hervormings gepoog het om die uitdagings wat die Sowjetunie in die vroeë 1980's in die gesig gestaar het, te oorkom, deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat was die politieke uitdagings wat die Sowjetunie teen die vroeë 1980's in die gesig gestaar het?

(b) Watter hervormings het Gorbatsjof ingestel om die politieke uitdagings wat die Sowjetunie in die vroeë 1980's in die gesig gestaar het, te oorkom?

(c) Was Gorbatsjof se hervormings suksesvol om die politieke uitdagings wat die Sowjetunie in die vroeë 1980's in die gesig gestaar het, te oorkom?

- Teen die laat 1970's/vroeë 1980's:
  - Sowjet-ekonomie stort in duie
    - Hulpbronne deur wapenwedloop uitgeput
    - Landbouproduksie swak
    - Bevelsekonomie kan nie met vrye handel en die Weste meeding nie
  - Sowjet-bevolking gedemoraliseer
    - hoë koers van alkoholisme – swak werksetiek
    - behuisingstekorte – verbruikersgoedere swak
  - Oorlog in Afghanistan – lewensverlies
    - oorlog ongewild – verdere dreinering van hulpbronne
  - Opkoms van anti-Sowjet-sentiment in sommige Oos-Europese state – opwelling van nasionalisme in sommige Sowjet-republieke
  - Leierskap oud en uitgedien – nie in staat om op veranderings en uitdagings van die globale ekonomie en militêre groei van die VSA te reageer nie – vroeë dood van leiers – geen stabiliteit
- Gorbatsjof Sowjet-premier vanaf 1985 – implementeer hervormingsproses om kwessies aan te spreek
- **Perestroika**
  - "herstrukturering"
    - Poog om Sowjet-ekonomie te herbou en kommunistiese stelsel te hervorm
  - Verskuif Sowjet-ekonomie van staatsbeheer en sentrale beplanning na een gebaseer op markkragte – ekonomiese uitdagings tydens hierdie oorgang
    - Privaat-besighede toegelaat om te bestaan
      - Finansiering deur lenings van nuutgeskepte banke
      - Burgers kan begin koop en verkoop teen wins

IEB Copyright © 2022

    - Geen prysbeheer – kwaliteit van verbruikersgoedere verswak
    - Geen staatsubsidies nie – *pryse en lewenskoste styg, Sowjet-burgers kwaad en krities teenoor die Sowjet-staat, sonder staatsondersteuning en -beheer, stort stelsels ineen – tekorte aan voedsel en verbruikersgoedere*
  - Buitelandse beleggings aangemoedig – eksterne invloed ondermyn kommunistiese beheer en denke – produksie bly laag, inflasie neem toe, en buitelandse skuld styg *– toename van 140% in pryse van kleinhandelsgoedere*
  - Ondernemings in staatsbesit word verkoop – *lei tot die totstandkoming van ryk oligargklas – ondermyn "sosialistiese paradys*"
- **Demokratiya**
  - 'n beroep op die insluiting van "demokratiese" elemente in die Sowjet-unie se eenpartyregering
    - Poog om beheer deur die Kommunistiese Party te behou
    - KPSU-takke in verskeie van die vyftien Sowjet-republieke begin verdeel in groot pro-soewereiniteit en pro-unie faksies – *wat beheer van Sentrale Party verder verswak*
    - Groei van nasionale bewegings in state van die USSR – *lei tot verkiesing van anti-Sowjet plaaslike regerings*
    - *Anti-Sowjet-sentiment in Oos-Europa groei*

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022